



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2019**

**NASIENRIGLYNE**

**WES-KAAP**

**PUNTE: 120**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 18 bladsye.**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.
2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.
4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae word geen punte toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.
5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
7. Aanvaar dialektiese variasies.
8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

**VRAAG 1****TEKS A: ARTIKEL**

<b>VRAAG</b>	<b>ANTWOORD</b>	<b>PUNT</b>
1.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• (Op) Stellenbosch</li> <li>• (In die) Wes-Kaap (Enige EEN)</li> </ul>	1
1.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• (In) graad 2</li> <li>• Toe sy in graad 2 was (Enige EEN)</li> </ul>	1
1.3	(Aan) netbal	1
1.4.1	figuurlik	1
1.4.2	"Sport het haar lewe geword." (Die antwoord op vraag 1.4.1 moet korrek wees om 'n punt by 1.4.2 te verdien.)	1
1.5	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Haar liggaamsbou was reg daarvoor.</li> <li>• Sy het die regte liggaamsbou (vir rugby) gehad. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.6	Sy het ook in Ierland gespeel.	1
1.7	Sy het te oud geword om (rugby) te speel. (Volledige sin om punt te verdien)	1
1.8	Kylemore (Rugbyklub se tweedespan). (Kylemore en tweedespan moet in die antwoord wees om die punt te verdien.)	1
1.9	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Mans is nie gewoon daaraan om deur vroue afgerig te word nie.</li> <li>• Rugbyafrigting is (tradisioneel) 'n manswêreld.</li> <li>• Party mans is nie gewoon daaraan om deur vroue voorgesê te word nie/het geen respek vir vroue nie.</li> <li>• Dis soms vir mans moeilik om 'n vrou se leiding te aanvaar/opdragte uit te voer. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.10	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sy dink altyd goed voor sy enigiets doen. ✓</li> <li>• Sy praat sag, maar ferm. ✓ (Of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul> <p>Vir hierdie eksamen geld die volgende: Indien die kandidaat die antwoord in kolpunte gee, ignoreer kolpunte en sien die eerste twee korrekte antwoorde na, ongeag of die antwoorde in eerste/tweede sin staan. Sonder kolpunte, lees tot aan die einde van die antwoord.</p>	2
1.11	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sport leer 'n mens om reëls te gehoorsaam/te fokus.</li> <li>• Sport leer 'n mens om saam met ander te werk/verantwoordelik te wees. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1

1.12	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die onderwysers en maatskaplike werkers ... <ul style="list-style-type: none"> <li>○ ken die kinders.</li> <li>○ weet watter kinders dit regtig nodig het.</li> </ul> </li> <li>• Kinders praat makliker met onderwysers en maatskaplike werkers oor hulle probleme. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.13	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Brian ondersteun/help sy vrou.</li> <li>• Brian help (eerder groter) kinders.</li> <li>• Brian is lief/gee om vir kinders. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.14	<p>Matrikulante wat ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• probleme het met dwelms.</li> <li>• probleme het met bendes.</li> <li>• probleme het met geweld.</li> <li>• min/geen ondersteuning by die huis kry (nie). (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul> <p><i>Vir hierdie eksamen geld die volgende: Indien die kandidaat die antwoord in kolpunte gee, ignoreer kolpunte en sien die eerste twee korrekte antwoorde na, ongeag of die antwoorde in eerste/tweede sin staan. Sonder kolpunte, lees tot aan die einde van die antwoord.</i></p>	2
1.15	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• leier</li> <li>• D leier (Enige EEN)</li> </ul>	1
1.16	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Alle kinders is deel hiervan.</li> <li>• Selfs gestremde kinders is deel van hierdie projek.</li> <li>• Geen kinders word uitgesluit nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.17	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sy wil sportvroue bemagtig.</li> <li>• Sy wil 'n sportakademie vir vroue begin. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.18.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Glo in jouself./Hulle moet in hulleself glo. ✓</li> <li>• Werk hard./Hulle moet hard werk. ✓</li> </ul> <p><i>Vir hierdie eksamen geld die volgende: Indien die kandidaat die antwoord in kolpunte gee, ignoreer kolpunte en sien die eerste twee korrekte antwoorde na, ongeag of die antwoorde in eerste/tweede sin staan. Sonder kolpunte, lees tot aan die einde van die antwoord.</i></p>	2
1.18.2	sukses behaal	1
1.19	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• omstandighede jou nie moet keer om te doen wat jy graag wil doen nie.</li> <li>• D omstandighede jou nie moet keer om te doen wat jy graag wil doen nie. (Enige EEN)</li> </ul>	1

**TEKS B: TYDSKRIFVOORBLAD**

<b>VRAAG</b>	<b>ANTWOORD</b>	<b>PUNT</b>
1.20	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Daar is 'n artikel/prent/foto in oor rugby/die Springbokke (wat die All Blacks wen).</li> <li>• Daar is 'n artikel oor sport in.</li> <li>• "Springbokke wen All Blacks" (<i>Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde</i>)</li> </ul>	1
1.21.1	positief	1
1.21.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Daar is 'n pa wat sy gesin motiveer.</li> <li>• Daar is 'n vrou wat lus het vir die lewe.</li> <li>• Om 'n wedstryd te wen is positief/almal is bly wanneer die Springbokke wen. (<i>Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde</i>) (<i>Die antwoord op vraag 1.21.1 moet korrek wees om 'n punt by vraag 1.21.2 te verdien. Geen direkte aanhaling nie.</i>)</li> </ul>	1
1.22	<ul style="list-style-type: none"> <li>• (Daar is 'n) prent van koekies.</li> <li>• Dit wys daar is resepte van koekies in die tydskrif.</li> <li>• Daar staan: '(Heerlike) koekies' (<i>Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde</i>)</li> </ul>	1
1.23	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die prys is groot/vet/bold gedruk.</li> <li>• Die prys is in 'n ster.</li> <li>• Die prys is in swart gedruk (teen 'n wit agtergrond).</li> <li>• Die prys is op 'n prominente plek/in die middel van die advertensie gedruk. (<i>Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde</i>)</li> </ul>	1
1.24	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• Die tydskrifartikels gaan oor dinge waarvoor mense wil gesels.</li> <li>• D Die tydskrifartikels gaan oor dinge waarvoor mense wil gesels. (<i>Enige EEN</i>)</li> </ul>	1

<b>TOTAAL AFDELING A:</b>	<b>30</b>
---------------------------	-----------

**AFDELING B: OPSOMMING****NASIEN VAN DIE OPSOMMING**

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf.

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Punttoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10
  
- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:**  
(Indien die kandidaat nie woordeliks aanhaal nie, moet die feit nog sin maak om die punt te verdien.)
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe
  
- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat woordeliks aangehaal het:**  
(Direkte aanhaling: 'n sin/deel van 'n sin woord-vir-woord volgens vraestel.)
  - 6-7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 1-5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

- **Tel van woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde (60) oorskry, lees tot aan die einde van daardie sin en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

**VRAAG 2: WAT JY MOET DOEN AS JOU NEUS BLOEI**

	<b>TEKS</b>	<b>VERWAGTE ANTWOORD</b>
1.	As jou neus begin bloei, moet jy <b>kalm bly</b> .	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bly kalm wanneer jou neus bloei.</li> <li>• Moenie skrik as jou neus bloei nie.</li> </ul>
2.	<b>Sit</b> dus mooi <b>regop</b> as jou neus bloei.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sit regop as jou neus bloei.</li> <li>• Jy moet jou kop hoër as jou hart hou as jou neus bloei.</li> </ul>
3.	<b>Spoeg</b> dit dadelik <b>uit</b> .	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Spoeg die bloed in jou mond uit.</li> <li>• (As daar bloed in jou mond is), spoeg dit uit.</li> </ul>
4.	<b>Knyp</b> jou <b>neusgate</b> vir 'n paar minute <b>toe</b> .	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Jy moet jou neusgate vir 'n paar minute toeknyp.</li> <li>• Stop die bloed deur jou neusgate toe te knyp.</li> </ul>
5.	As die <b>bloeding gestop</b> het, moet jy <b>nie</b> jou <b>neus blaas nie</b> .	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Moenie jou neus blaas nadat die bloed gestop het nie.</li> </ul>
6.	<b>Sit ys</b> in 'n waslap om <b>teen</b> jou neus te hou.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sit 'n koue waslap teen jou neus.</li> <li>• Sit ys teen jou neus.</li> </ul>
7.	As jou neus na 15 minute <b>nog bloei</b> , moet jy <b>dokter toe</b> gaan.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gaan dokter toe as jou neus aanhou bloei.</li> <li>• Gaan dokter toe as jou neus na 15 minute aanhou bloei.</li> </ul>
	<b>GETAL WOORDE = 191 WOORDE</b> (± 200 WOORDE – Disjunktief)	<b>GETAL WOORDE = 53 WOORDE</b> (50 – 60/65 MAKSIMUM)
<b>TOTAAL AFDELING B: 10</b>		

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES****NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

1. Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
  - By volsin-antwoorde word **verkeerde spelling** slegs gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
2. Sinstrukture moet **taalkundig** korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
3. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is, by 'n meervoudigekeuse-vraag.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.1	daagliks	1
3.2	Jy moet 'n boom plant (!)	1
3.3	meeste	1
3.4	jou/almal	1
3.5	langs	1
3.6	Bome <b>word deur ons geplant.</b>	1
3.7	oor die wêreld	1
3.8	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• die dinge wat jy doen, wys watter tipe persoon jy is.</li> <li>• C die dinge wat jy doen, wys watter tipe persoon jy is.</li> </ul> (Enige EEN)	1
3.9	Dit beteken dat ... <ul style="list-style-type: none"> <li>• daar baie/genoeg bome in die toekoms sal wees.</li> <li>• die toekoms beter/gesonder sal wees.</li> <li>• mense sal probeer om die aarde te beskerm.</li> <li>• die toekoms vol groen bome gaan wees.</li> <li>• die toekoms nie letterlik groen van kleur is nie.</li> </ul> (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
3.10	Bestel jou boom by <b>S</b> onskyn Kwekery.	1

**TOTAAL: 10**



**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.1	Meneer sê vir Neelsie dat <b>hy</b> mooi <b>moet</b> luister.	1
4.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>Vandag doen ons 'n gevaarlike eksperiment.</li> <li>Ons doen vandag 'n gevaarlike eksperiment.</li> </ul> <i>(Enige EEN)</i>	1
4.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>maak</li> <li>begaan</li> <li>bekostig</li> </ul> <i>(Enige EEN)</i>	1
4.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>(baie) groot</li> <li>massiewe</li> </ul> <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i> <i>(Die verbuiging van die byvoeglike naamwoord moet korrek wees om die punt te verdien.)</i>	1
4.5	te beklemtoon	1
4.6	<ul style="list-style-type: none"> <li>D</li> <li>opgewonde</li> <li>D opgewonde</li> </ul> <i>(Enige EEN)</i>	1
4.7	<ul style="list-style-type: none"> <li>A</li> <li>hoop dat daar 'n ontploffing is.</li> <li>A hoop dat daar 'n ontploffing is.</li> </ul> <i>(Enige EEN)</i>	1
4.8	Neelsie, het jy nou geluister <u>?</u>	1
4.9	stereotipering	1
4.10	smoorkwaad	1

**TOTAAL: 10**

**VRAAG 5.1: LEESTEKS**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.1.1	sy	1
5.1.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>Gr.</li> <li>gr.</li> </ul> <i>(Enige EEN. Die punt moet aan die einde van die afkorting wees om die punt te verdien.)</i>	1
5.1.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>Soms is 'n vraestel moeilik, maar jy moet positief bly.</li> <li>'n Vraestel is soms moeilik, maar jy moet positief bly.</li> </ul> <i>(Enige EEN. Penaliseer nie indien die leesteken verkeerd is of ontbreek nie.)</i>	1
5.1.4	Hoe kan jy die res van die eksamen oorleef? <i>(Daar moet 'n vraagteken aan die einde van die sin wees om die punt te verdien.)</i>	1
5.1.5	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die leerders is gewoonlik bang as die eksamen naderkom.</li> <li>Leerders is gewoonlik bang as die eksamen naderkom.</li> <li>'n Leerder is gewoonlik bang as die eksamen naderkom.</li> </ul> <i>(Enige EEN)</i>	1
5.1.6	beplan	1
5.1.7	Moenie paniekerig raak <b>nie</b> .	1
5.1.8	<ul style="list-style-type: none"> <li>Haal</li> <li>haal</li> </ul> <i>(Enige EEN)</i>	1
5.1.9	<ul style="list-style-type: none"> <li>Jy <b>sal</b> party vraestelle moeilik <b>vind</b>.</li> <li>Jy <b>gaan</b> party vraestelle moeilik <b>vind</b>.</li> </ul> <i>(Enige EEN)</i>	1
5.1.10	(Dit help nie) <b>om</b> jou daarvoor <b>te</b> (bekommer nie). <i>(Kandidate hoef nie die hele sin uit te skryf nie, maar die gedeelte met die infinitief moet heeltemal korrek wees om die punt te verdien.)</i>	1
5.1.11	vakke	1
5.1.12	nuwe	1
5.1.13	ske – du – le <i>(Kandidate kan lettergreepverdeling op enige aanvaarbare wyse aandui.)</i>	1
5.1.14	My <b>van</b> is Pieterse. <i>(familienaam)</i> <i>(Aanvaar enige sin waar die ander betekenis van die woord duidelik is.)</i>	1

**VRAAG 5.2: PRENT**

<b>VRAAG</b>	<b>ANTWOORD</b>	<b>PUNT</b>
5.2.1	kamerdeur	1
5.2.2	rapport	1
5.2.3	vir	1
5.2.4	<ul style="list-style-type: none"><li>• stout(e)</li><li>• ongemanierde/ongehoorsame/onbeskofte</li></ul> <i>(Of soortgelyk aan bogenoemde. Die antoniem moet in die konteks pas).</i>	1
5.2.5	beddegoed/kooigoed/slaapgoed/lêgoed	1
5.2.6	lampie	1

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**AFDELING D: LETTERKUNDE****FEESMAAL – E.A. Swanepoel****VRAAG 6****VERHAAL A: "POTYSTER SWEIS NIE" – P.G. du Plessis**

<b>VRAAG</b>	<b>ANTWOORD</b>	<b>PUNT</b>
6.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die verteller het geselskap gesoek.</li> <li>Die seun het geryloop. (Enige EEN)</li> </ul>	1
6.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die seun se (kleur)baadjie was te klein.</li> <li>Sy skoene was stukkend/verniel. (Of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	2
6.3	Die seun het vir die verteller gesê dat dit moeilik is om potyster te sweis ('weld'). (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1
6.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die seun wou sy pa in 'n goeie lig stel.</li> <li>Die seun wou maak asof sy pa verantwoordelik was.</li> <li>Dit het geklink asof die seun sy pa bewonder.</li> <li>Die seun wou wys dat sy pa beter as die verteller was. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
6.5.1	verkeerde dinge	1
6.5.2	leuens	1
6.6	skaam	1
6.7	<ul style="list-style-type: none"> <li>C</li> <li>nie sakgeld gekry het nie.</li> <li>C nie sakgeld gekry het nie. (Enige EEN)</li> </ul>	1
6.8	<ul style="list-style-type: none"> <li>Hy wou hê die seun moes weet hy was kwaad/gefrustreerd omdat die seun se ma nie werk toe kom nie.</li> <li>Hy wou hê die seun moes verstaan dat sy ma hom in die steek laat as sy nie werk toe kom nie.</li> <li>Hy wou vir die seun wys dat hy ernstig met sy waarskuwing was. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
6.9	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die seun was nie verantwoordelik vir die ma se dade nie.</li> <li>Die Portugees moes nie grootmense se sake met die seun bespreek het nie.</li> <li>Die seun het niks te doen gehad met die ma se siekspelery nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1

6.10	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die seun se pa het weggeloop.</li> <li>Die seun se pa bly nie by hulle nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
6.11	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die seun het alles oor sy pa vertel.</li> <li>Die verteller het gestop om brood te koop.</li> <li>Die Portugees het die seun dadelik herken.</li> <li>Die verteller het agter die seun aangery. (Die kandidaat kry 1 punt vir elke insident wat op die regte plek staan.)</li> </ul>	1 1 1 1
6.12	<ul style="list-style-type: none"> <li>B</li> <li>nie familieprobleme met leuens kan oplos nie.</li> <li>B nie familieprobleme met leuens kan oplos nie. (Enige EEN)</li> </ul>	1
6.13	simpatie met die seun gehad	1
6.14	(As hy geweet het dat die verteller die waarheid oor sy pa sou uitvind,) sou die seun nie al die leuens oor sy pa vertel het nie. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1
6.15	<p>Ja.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Die verteller kon vir hom moontlike oplossings gegee het.</li> <li>Die verteller kon hom met kos en geld gehelp het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul> <p><b>OF</b></p> <p>Nee.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Die verteller was 'n (totale) vreemdeling.</li> <li>Die seun was nie die verteller se verantwoordelikheid nie.</li> <li>Die verteller het dalk glad nie daarin belanggestel om ander mense met hulle probleme te help nie.</li> <li>Dis moeilik vir vreemdelinge om ander mense met hulle familieprobleme te help. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1

**EN**

**VERHAAL B: "TWEË GESIGTE" – Elise Muller**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
6.16	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Katrien het al gewerk.</li> <li>• Katrien was 14 jaar.</li> <li>• Katrien was wêreldwys/meer volwasse.</li> <li>• Katrien was groot gebou (vir haar ouderdom).</li> <li>• Katrien het nie 'n pa gehad nie/sy moes haar ma help. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	2
6.17	<p>Rina het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• alles geglo wat Katrien gesê het.</li> <li>• Katrien geglo dat dit baie gevaarlik was om op die perdjies te ry.</li> <li>• Katrien geglo dat een maal se ry vyftigsent kos. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
6.18	Haar pa	1
6.19	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Katrien het vir Rinatjie van die mallemeule vertel.</li> <li>• Rinatjie het vir Katrien in die ry sien staan om mallemeule te ry.</li> <li>• Katrien is van die mallemeule af gedwing.</li> <li>• Rinatjie het haar twee vyftigsente vir Katrien gegee. (Kandidaat kry 1 punt vir elke insident wat op die korrekte plek staan)</li> </ul>	1 1 1 1
6.20	aangenaam	1
6.21	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• rustiger geraak het.</li> <li>• B rustiger geraak het. (Enige EEN)</li> </ul>	1
6.22	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Katrien moes afspring (omdat sy nie kon betaal nie).</li> <li>• Die man wou hê Katrien moes afspring. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
6.23	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hy het nie vir Katrien 'n regverdige kans gegee nie.</li> <li>• Hy het Katrien nie geglo nie, al het sy die waarheid gepraat.</li> <li>• Hy het teen Katrien gediskrimineer.</li> <li>• Hy het nie vir Katrien met respek behandel nie.</li> <li>• Hy het vir Katrien van die draaiende mallemeule laat afspring. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
6.24	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Rosa het gedink sy was beter as Katrien.</li> <li>• Rosa het gevoel dat Katrien groot was/al werk en 'n rand moes betaal.</li> <li>• Rosa het gevoel dat mense wat nie geld het nie, moes afklim. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
6.25	met niemand gepraat nie	1
6.26.1	ontevrede	1
6.26.2	simpatiek	1

6.27	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Rinatjie gee om vir ander mense.</li> <li>• Rinatjie het baie simpatie met Katrien gehad.</li> <li>• Rinatjie het Katrien laat beter voel deur haar geld vir Katrien te gee. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
6.28	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• dinge wat lekker lyk om te doen, nie altyd net goed is nie.</li> <li>• C dinge wat lekker lyk om te doen, nie altyd net goed is nie. (Enige EEN)</li> </ul>	1
6.29	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die titel wys die twee kante van die kaartjiesverkoper se optrede/persoonlikheid.</li> <li>• Die titel wys dat die kaartjiesverkoper wreed teenoor Katrien was, maar vriendelik teenoor Rinatjie en Rosa.</li> <li>• Die titel wys dat die kaartjiesverkoper nie almal dieselfde behandel het nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
6.30	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Rinatjie het haar nog 'n kans gegee om op die mallemeule te ry.</li> <li>• Katrien het gesien dat nie alle mense haar sleg behandel nie.</li> <li>• Rinatjie was haar vriendin/het vir haar omgee/was baie goed vir Katrien. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
		[20]

**PERDEKRAG – Cecilia du Toit****VRAAG 7**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.1.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hy was wreed teenoor diere/het diere mishandel.</li> <li>• Hy het diere doodgemaak.</li> <li>• Hy het sy ma se werkgewer se katjies in die visdam gegooi. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
7.1.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 100 (uur)</li> <li>• honderd (uur)</li> <li>• 3 maande</li> <li>• drie maande (Enige EEN)</li> </ul>	1
7.2.1	Silwerkloof (Stalle)	1
7.2.2	strooi/hooi	1
7.2.3	prokureur	1

7.2.4	stalle	1
7.3.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Lucky het vir Binki geterg omdat sy bang is vir die perde./Lucky het vir Binki gesê sy is 'n bangbroek/bangbroek-bybie.</li> <li>• Lucky het vir haar gelag/gesê dit lyk asof sy gaan flou val.</li> <li>• Lucky het al rondom Binki en Lady Jane/die perd gedans en gesing.</li> <li>• Lucky het Binki oor haar naam gespot.</li> <li>• Lucky was onsensitief/vra uit oor persoonlike sake waaroor sy nie wou praat nie.</li> <li>• Lucky het Binki die klikbek-tipe genoem. (<i>Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde</i>)</li> </ul>	2
7.3.2	<p>Dit was reg dat Wilma met Lucky geraas het, want ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Lucky moes verstaan dat hy verkeerd teenoor Binki opgetree het.</li> <li>• Lucky het vir Binki nog banger gemaak.</li> <li>• Lucky het veroorsaak dat Binki minder selfvertroue het.</li> <li>• Lucky se optrede kon veroorsaak dat Binki van vooraf bang sou wees vir die perde.</li> <li>• Wilma het lank probeer om Binki se vrees vir perde weg te vat en nou vererger Lucky dit weer. (<i>Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde</i>)</li> </ul>	1
7.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• A</li> <li>• onsensitief</li> <li>• A onsensitief (<i>Enige EEN</i>)</li> </ul>	1
7.5	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• te doen wat sy vir hom sê om te doen.</li> <li>• C te doen wat sy vir hom sê om te doen. (<i>Enige EEN</i>)</li> </ul>	1
7.6	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hy het baie verkeerde dinge gedoen/het hom nie goed gedra nie.</li> <li>• Hy het baie dinge gedoen wat Wilma kwaad gemaak het. (<i>Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde</i>)</li> </ul>	1
7.7	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hy het Tinkerbelle laat skrik/weghardloop.</li> <li>• Hy wou (later) vir Kaizer (met 'n karwats) slaan.</li> <li>• Hy het lelik met hulle gepraat. (<i>Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde</i>)</li> </ul>	1
7.8	<p>Lucky is negatief, want ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• hy is self arm.</li> <li>• hy neem ryk mense kwalik vir sy armoede.</li> <li>• hy is jaloers op ryk mense.</li> <li>• hy voel alle ryk mense is sleg.</li> <li>• ryk mense betaal sy ma baie min geld vir die werk wat sy vir hulle doen.</li> <li>• sy ma se werkgewer bestee baie geld aan katte, maar betaal haar min. (<i>Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde</i>)</li> </ul>	1



7.9	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Wilma het self iets (verkeerds) gedoen waaroor sy spyt was.</li> <li>• Wilma het kinders verstaan.</li> <li>• Wilma het baie (ander) kinders met probleme (ook) gehelp/was simpatiek.</li> <li>• Wilma het nie bog/ongehoorsaamheid verdra nie/was streng.</li> <li>• Wilma het nie veroordeel nie.</li> <li>• Wilma wou vir Lucky help.</li> <li>• Wilma het vir Lucky geleer dat alle ryk mense nie varke is nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
7.10.1	simpatiek	1
7.10.2	skuldig	1
7.11	ongeduldig raak met	1
7.12	gevolge	1
7.13	<p>Lucky het geleer ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• om diere met respek en liefde te behandel.</li> <li>• dat dit wat hy gedoen het, wreed/verkeerd was.</li> <li>• dat diere en mense goed oor die weg kan kom.</li> <li>• dat nie almal wat perdry, ryk was nie.</li> <li>• om nie te stereotipeer nie/om met ander mense oor die weg te kom.</li> <li>• dat ryk mense ook probleme het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
7.14	(Vir) Kaizer	1
7.15	positief verander	1
7.16.1	Sy/Wilma skud haar kop.	1
7.16.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Lucky het die taak uit sy eie gedoen./Niemand het vir Lucky gevra om dit te doen nie.</li> <li>• Dit was die eerste keer dat Lucky iets goeds vir die perde gedoen het./Lucky se houding teenoor die perde het verander. (Of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	2
7.17	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• vriende met Binki wou wees.</li> <li>• D vriende met Binki wou wees. (Enige EEN)</li> </ul>	1
7.18	<p>Dukie/Hy het doodgebrand. (Of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
7.19	voordeel	1
7.20	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Lucky wou nie Binki se selfoon vir haar teruggee nie (en toe stoei hulle oor die foon).</li> <li>• Binki het probeer om haar selfoon by Lucky te vat (en toe stoei hulle oor die foon). (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1

7.21	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Lucky het sy ander naam op Binki se selfoon ingetik.</li> <li>• Lucky wou nie Binki se foon teruggee nie.</li> <li>• Lucky het per ongeluk een van Binki se bloes se moue losgeskeur.</li> <li>• Lucky het besef dat hy nie die enigste mens met letsels is nie. (Kandidaat kry een punt vir elke insident wat op die korrekte plek staan.)</li> </ul>	1 1 1 1
7.22	anders	1
7.23	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• meer in haarself begin glo.</li> <li>• B meer in haarself begin glo. (Enige EEN)</li> </ul>	1
7.24.1	skaam oor	1
7.24.2	tevrede met	1
7.25	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Binki kon nou aan haar eie geluk dink.</li> <li>• Dit was vir Binki genoeg dat sy ander mense/perde om haar het wat vir haar omgee.</li> <li>• Binki kon nou besef dat sy nie op haar ma kon staatmaak nie/dat haar ma nie vir haar geluk verantwoordelik was nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
7.26	<p>Ja.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit pas by Lucky se karakter.</li> <li>• Dit maak Lucky se karakter geloofwaardig.</li> <li>• Baie tieners praat so.</li> <li>• Lucky is nie Afrikaanssprekend nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul> <p><b>OF</b></p> <p>Nee.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Daar behoort nie Engelse woorde in 'n Afrikaanse boek gebruik te word nie.</li> <li>• Dit stel nie 'n goeie voorbeeld vir die leerders as daar Engelse woorde in 'n Afrikaanse boek gebruik word nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
7.27	<ul style="list-style-type: none"> <li>• In die drama word mense op verskillende maniere deur die <b>perde gehelp</b>.</li> <li>• Ons lees in die drama hoe die perde se <b>krag</b> mense met probleme <b>gehelp</b> het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde.)</li> </ul>	1
		<b>[40]</b>

**TOTAAL AFDELING D: 40**  
**GROOTTOTAAL: 120**